

André Duvenhage

Die krisis van die nasiestaat — 'n scenario-gerigte perspektief

Opsomming

Die koms van 'n nuwe wêreldorde, die belofte van ingrypende politieke verandering en die herskikking van kragte het opnuut die aandag gevestig op die gebreke van die nasiestaat as daardie politieke instelling wat waardes gesaghebbend moet toewys. Hoewel hierdie krisis nie nuut is nie, noodsaak die omvang van veranderinge tans 'n waardebepaling van die situasie en is dit belangrik om kennis te neem van wat die toekoms in die verband mag inhou. Hierdie artikel konsentreer op die krisis van die nasiestaatsgedagte in die huidige tydsgewrig deur die fokus te laat val op kragte en tendense wat politieke verandering noodsaak, die implikasies hiervan vir die nasiestaatsgedagte en wat hieruit kan voortspruit deur scenario-gerigte perspektiewe aan te bied.

The crisis of the nation-state — a scenario-directed perspective

The arrival of a new world order, the promise of more political change and the reorganisation of political forces have once again focussed attention on the problems of the nation-state regarding the authoritative allocation of values. Although the identified crisis is not new, recent changes emphasise the need to evaluate the current position of the nation-state and to predict its possible future. This article concentrates on the crisis of the nation-state by focussing on the forces responsible for change, and on major tendencies in this regard. Attention will also be given to the possible future of the nation-state idea by formulating scenario directed perspectives.

Dr A Duvenhage, Dept Politieke Wetenskappe, Universiteit van die Oranje-Vrystaat, Posbus 339, Bloemfontein 9300; E-pos: duvenha@rs.uovs.ac.za

Op die vooraand van die een-en-twintigste eeu bevind die wêreldpolitiek homself midde-in snelveranderde omstandighede met die belofte van nog meer verandering op die horison. Die beëindiging van die Koue Oorlog en die betreding van 'n nuwe wêreldorde vorm tans 'n belangrike fokuspunt van ondersoek vir talle toekomstkundiges, denkers, profete en doemprefete. Hoog op die agenda blyk te wees pogings om die dryfkragte agter 'n nuwe orde (of is dit chaos?) bloot te lê ten einde die omvang en rigting van hierdie transformasieproses aan te dui. 'n Hoofakteur in die transformasieproses is die nasiestaat wat as dominante politieke instelling op die langtermyn kwalik ongeskonde gelaat sal word. 'n Belangrike fokuspunt van studie is gevolglik die potensiele en heel dikwels reële krisisse waarin talle nasiestate hul bevind en toenemend mag bevind.

Sedert 1648 met die Vrede van Westfale het die nasiestaatkonsep, met sy wortels diep in die Westerse beskawing en kultuur, geleidelik 'n wêreldwye verskynsel geword. Na die Tweede Wêreldoorlog was die nasiestaatkonsep bykans sonder uitsondering die raamwerk of struktuur waarin soewereine polirieke mag en besluitnemingsbevoegdhele gesetel was. Omvangryke veranderinge op talle terreine (in tempo heelwat meer as in die verlede) werp tans donker skaduwees oor die nasiestaat as politieke raamwerk met soewereine politieke mag.¹ 'n Nuwe politieke ekonomie as uitvloeisel van post-industriële tendense (reël en potensieel), 'n veranderde militêrstrategiese omgewing, tendense van politieke verval en anargie, eskalerende konflikte, kompeterende politieke magsbasse en die skaarsheidsdeterminant is bloot enkele rigtingwysers wat daarop dui dat die toonaangewende posisie van die nasiestaat tans ernstig bedreig word. Hierdie rigtingwysers beklemtoon dat die nasiestaat se vroeëre bykans onaanvegbare posisie (vir enkele eeue minstens) vanuit verskeie oorde in gevaar gestel word. Hoewel sommige state waarskynlik beter as ander toegerus is om die eise van 'n veranderde

1 Die bedreigings vir die soewereiniteit van die nasiestaat is nie nuut nie. Die koms van die nuwe wêreldorde en gepaardgaande veranderinge het die ernstige aard van die krisis egter opnuut onder die aandag gebring.

omgewing aan te pak, is die aanduidings daar dat geen staat op die langertermyn geheel en al ongeskonde gelaat sal word nie. Trouens, sowel ontwikkelde as ontwikkelende state word geïmpliseer hoewel die aard en omvang van die krisis waarskynlik groter en anders is met betrekking tot laasgenoemde. Hoewel geeneen van bogenoemde bedreigings hulle in die onlangse verlede die eerste keer met betrekking tot die nasiestaat laat geld het nie, kan die impak hiervan eers tans behoorlik na waarde geskat word. 'n Waardebepaling van die posisie van die nasiestaat is moontlik aangesien 'n aantal belangrike werke met 'n sterk futurologiese inslag sedert die negentigerjare op die akademiese toneel verskyn het.

Die doel van dié artikel is 'n poging om die krisis (potensieel en/of reël) van die nasiestaat as politieke instelling van ons tyd in perspektief te plaas. Vooraanstaande denkers se bydraes wat kan dien as rigtingwysers vir die toekoms sal gerekonstrueer en standpunte gemotiveer word deur van empiriese materiaal gebruik te maak. Vanuit hierdie rekonstruksies sal scenario-gerigte (hipotetiese) perspektiewe ontwikkel word met betrekking tot die nasiestaat in 'n veranderende wêreld. Die navorsing is verkennend van aard en gerig op die ontwikkeling van groter insig met betrekking tot die toekoms van die nasiestaatgedagte in 'n nuwe politieke omgewing. Sake waarop daar gekonsentreer sal word is:

- 'n konsepuele oriëntering en teoretiese vertrekpunte
- rigtingwysers vir politieke verandering
- die krisis van die nasiestaat
- die nasiestaatsgedagte in die een-en-twintigste eeu.

1. Konsepuele oriëntering en teoretiese vertrekpunte

Bykans alle samelewings en gemeenskappe is vandag polities georganiseer in terme van die nasiestaatsgedagte² — of so word dit deur die politieke wêreldkaart aangedui. Kenmerkend van die

2 Die nasiestaatsgedagte word deur Du Plessis (1941: 3-20) as een gestalte van die 'staat' as 'n historiese verskynsel gesien. Ander gestaltes wat die staat

nasiestaar is die aanwesigheid van 'n vaste geografiese verwysing (grondgebied of staatterritorium); 'n permanente samelewing of gemeenskap ('n nasie, burgery of onderdane) hoe ook al saamgestel; as instelling beklee met eksterne en interne soewereiniteit (onafhanklik na buite en oppermagtig na binne) en beskik dit oor 'n permanente staatsorganisasie en owerheidsinstellings.³ Migdal (1988: 19) in ooreenstemming met Max Weber (1964: 156) definieer 'n nasiestaar as

an organization composed of numerous agencies led and coordinated by the states leadership (executive authority) that has the ability to make and implement rules for all the people as well as the parameters of rulemaking for other social organizations in a given territory using force if necessary to have its way.

Uit bogenoemde definisie blyk dit dat die staat oor 'n veronderstelde politieke magsbasis moet beskik om bindende besluite vir 'n samelewing te kan neem. Dit is dan ook wat Easton (1967: 129-134) in gedagte het as hy na politiek verwys as "[t]he authoritative allocation of values for a society" — binne die konteks van sy "politieke stelsel".⁴

Die verkryging van politieke mag geskied deur die mobilisasie en organisasie van politieke steun teen die agtergrond van kompetisie, konflik en selfs geweld met aspirerende en mededingende magsbasisse. Dit is in hierdie verband dat Huntington (1968: 144) daarop wys dat "[p]ower is something which has to be mobilized, developed and organized. It must be created". In wese het politiek te make met die vermoë om steun binne 'n samelewing (hoe ook al gedefinieer) te mobiliseer en te organiseer met as doel die verkryging

aangeneem het, was die patriargale familieorganisasie, antieke monargie, die Griekse stadstate, Romeinse imperium en die nomokrasie. Vir doeleindes van die studie word die konsep politiek (soos gedefinieer) eerder as 'staat' verkies. Die komplekse aard van politieke verandering en die talle politieke entiteite wat na vore tree, maak die konsep 'politiek' (wat baie buigzaam is) meer geskik as die meer stereotipe term 'staat' wat moeiliker aanwendbaar is.

3 Vergelyk in die verband Du Plessis 1941: 3-20, 68-79; Sicker 1971: 1-16; Von Glahn 1970: 65-6; Verloren van Themaar 1981: 5-7)

4 Vir doeleindes van die navorsing dien die nasiestaar en nie die politieke stelsel/s as fokus van ondersoek en konseptuele verwysing.

en/of konsolidasie van 'n politieke magsbasis (meestal institusioneel gefundeer) waardeur bindende besluite (toedeling van waardes) met betrekking tot die samelewing of dele van 'n samelewing kan plaasvind of wat kompeterende of selfs vyandige magsbasisse kan inhibeer (en selfs verhoed) om hul besluite/waardes op die samelewing of dele hiervan af te dwing. 'n Vaste geografiese verwysing wat relatief onveranderd bly in terme van die definisie van die nasiestaat is nie 'n voorvereiste vir die bedryf van politiek nie. Trouens, tydens die grootste deel van die politieke geskiedenis van die wêreld is politiek bedryf sonder 'n absoluut vasgepende geografiese verwysing. Die mate waarin politieke akteurs daarin kon slaag om waardes en skaars middele suksesvol toe te wys, dui op 'n vermoë om 'n politieke oorlewingstrategie vir die burgers in stand te hou. Dit is juis hierdie vereiste wat gaan bepaal waar en hoe lank nasiestate die politieke toneel sal oorheers.

Hoewel die nasiestaat sedert 1648 die politieke toneel as dominante instelling oorheers het (as raamwerk waarbinne politieke mag gesetel is en wat verantwoordelik was vir die gesaghebbende toewysing van waardes) is dit geensins 'n getroue weerspieëling van die politieke geskiedenis van die wêreld nie. Trouens, talle 'politieke instellings' waaronder familie-organisasies, groot ryke van die verlede, beskawings, die kerk, stadstate, ekonomiese instellings en selfs individue het in die verlede op grond van eiesoortige politieke magsbasisse, besluite/waardes op die samelewing of segmente daarvan afgedwing. Selfs vandag bestaan daar instellings, wat benewens die nasiestaat oor politieke mag van die een of ander aard beskik. Hiermee word nie noodwendig geïmpliseer dat sodanige politieke magsbasisse 'n onmiddellike bedreiging vir die nasiestaat as dominante politieke instelling inhou nie. In 'n snelveranderende politieke omgewing kan sodanige scenario egter nie volledig uit die oog verloor word nie, veral in soverre dit minstens sommige van die ontwikkelende state van die wêreld insluit. Hoewel die krisis nie beperk is tot die ontwikkelende state nie, wissel dit van staat tot staat en situasie tot situasie en moet daar teen veralgemenings gewaak word.

Histories gesproke het die politieke strukture wat vir die gesaghebbende toewysing van waardes/besluite verantwoordelik was, ingrypend verskil van tydperk tot tydperk en kan 'n potpouri van

politieke instellings eerder as die gestandaardiseerde nasiestaatkonsep as die akkurate historiese geldende norm uitgesonder word (Van Greveld 1991: 192). 'n Gevolgtrekking wat vanuit hierdie perspektief gemaak sou kon word, is dat die fase van ingrypende verandering waarin die wêreldpolitiek tans verkeer nie net die herskikking van nasiestate wêreldwyd impliseer nie, maar heel waarskynlik die transformasie van die kontemporêre statestelsel met die nasiestaat as die belangrikste bousteen. Hierdie afleiding kan in perspektief geplaas word deur 'n rekonstruksie te maak van enkele rigtingwysers met betrekking tot politieke verandering.

2. Rigtingwysers vir politieke veranderinge

Aangesien die studie bloot verkennend van aard is, word 'n aantal rigtingwysers geïdentifiseer wat op die een of ander wyse die dominante posisie van die nasiestaat in gevaar stel of in die toekoms mag bedreig. Sake wat vir aandag uitgesonder word is post-industriële tendense, 'n veranderde militêr-strategiese omgewing, tendense van politieke verval en anargie, skaarsheid en eskalerende konflikte. Hierdie rigtingwysers poog om groter empiriese verifiëring te bied aan dit wat in 'n teoretiese sin in die vorige afdeling beredeneer is.

2.1 Post-industriële tendense

Vanuit sy trilogie van werke *Future shock* (1970), *Third wave* (1980) en veral *Power shift — knowledge, wealth and violence at the edge of the 21st century* (1991) formuleer Toffler perspektiewe, aangebied in scenario-terme, oor die samelewing van môre. Enkele gedagtes wat betrekking het op die politieke aspek van die samelewing word vir aandag uitgesonder.

Sentraal tot die denke van Toffler (1991: 12-22) is die beskouing dat geweld, rykdom en kennis (in wisselwerking met mekaar) kern-determinante is wat menslike verhoudings en die strukture wat hieruit voortvloei, bepaal. Tydens die agrariese fase van ontwikkeling was geweld as determinant prominent in verhouding tot rykdom en kennis, terwyl rykdom weer deurslaggewend was tydens die industriële fase. Die post-industriële fase (die samelewing

van môre?) sal egter deur kennis as die belangrikste determinant aangedryf word met as implikasie die verreikende verandering, trouens transformasie, van alle instellings van die samelewing (Toffler 1991: 3-22). Die agrariese fase het as politieke vennoot feodaal-georiënteerde strukture gehad, terwyl die industriële era met die nasiestaat geassosieer word. Die post-industriële fase se politieke vennoot (vennote?) is egter nog nie duidelik onderskeibaar nie. Wat wel vir Toffler (1991: 3) duidelik is, is dat

this is the dawn of the Powershift era. We live at a moment when the entire structure that held the world together is now disintegrating. A radically different structure of power is taking form. And this is happening at every level of human society.

In ooreenstemming met die Baconiaanse beskouing dat kennis met mag geassosieer word, wys Toffler (1991: 8-11) daarop dat die kennisontploffing van vandag 'n nuwe era in die ontwikkeling van die mens inlei en direk aanleiding gee tot veranderde sosiale, ekonomiese en politieke magbasisse, die gepaardgaande strukture en nuwe patrone van politiek-ekonomiese wisselwerking. Die aard en omvang van die kennisontploffing word duidelik wanneer in ag geneem word dat bestaande kennisvlakke elke 2,7 jaar verdubbel en dat dit wat ons vandag weet, teen 2030 slegs 1% van die toekomstige kennispoel sal uitmaak (Muller 1998: 7). Vanuit Toffler (1991: 15-6) se beskouing impliseer 'n redistribusie van kennis ook 'n redistribusie van mag wat politieke mag insluit. Hiervolgens sal die skeppers van rykdom eie aan die industriële fase plek maak vir die kennisingenieur van die post-industriële era. Die beheer en kontrole van kennis word verhef tot dié instrument van politieke mag met verreikende implikasies vir die aard van politieke instellings soos die demokrasie, die nasiestaat en selfs die statestelsel in die algemeen. Die proletariaat soos geassosieer met die denke van Marx (eie aan die industriële fase) sal volgens Toffler (1991: 26) plek maak vir wat hy tipeer as 'n "kognitariaat". Hiermee word basies bedoel 'n kategorie van mense in die samelewing met toegang tot kennis en hiermee saam die instrumente van mag wat diegene in toonaangewende posisies plaas en dus verantwoordelik is vir die gesaghebbende toewysing van waardes.

Verandering, veral ingrypende verandering (geassosieer met transformasies) impliseer intense ontwrigting en disekwilibrium — veral op die terrein van die politiek. Nuwe identiteite (akteurs) — hoe ook al gedefinieer — word geaktiveer in die proses van snelle verandering. Toffler (1991: 246) identifiseer minstens vier kategorieë van akteurs in die politiek van môre, te wete *globalists*, *nationalists*, *regionalists* en *localists*. Konflikterende patrone van interaksie tussen voorafgenoemde kategorieë dra daartoe by dat die strukture waarbinne politiek gevoer word, ingrypend getransformeer gaan word. Toffler (1991: 465-466) argumenteer soos volg:

We are witnessing a significant shift of power from individuals or groups of nation-states to the Global Gladiators. The shift towards heterogeneity in the emerging world system will sharply intensify if giant nations splinter, as now seems eminently possible.

Laasgenoemde word prakties geïllustreer deur die disintegrasie van die Sowjet-Unie asook tendense van balkanisering wêreldwyd. Dit word byvoorbeeld bereken dat meer as een derde van alle derdewêreldstate bedreig word deur afskeidingsbewegings (Palmer 1989: 246). Groot state waar disintegrasie voorsien word, sluit in China en Brasilië (Toffler 1993: 281-90). Selfs die toekoms van die VSA word deur Toffler (1991: 246-7) voorgehou as 'n nasiestaat wat in 'n aantal stadstate behoort op te gaan. Kaplan (1997: 22-4) ondersteun Toffler se perspektief en wys daarop dat Mexiko aanvanklik in drie dele behoort op te breek naamlik "Mex-America" in die noorde met 'n Eerste Wêreld-grondslag en VSA-geïntegreerdheid; "Mex-Central America" met 'n Latyns-amerikaanse oriëntasie; en Meksiko-stad wat as 'n stadstaat behoort voort te bestaan. Op die lang termyn word selfs 'n meer ingrypende balkanisering van Mexiko in die vooruitsig gestel.⁵

Aspekte van 'n nuwe politieke orde wat deur Toffler (1991: 371-87, 466) vir verdere aandag uitgesonder word, is dat die filosofie van die sekulêre staat in krisis verkeer en dat die proses van verandering met disekwilibrium, konflik, geweld en selfs oorlog gepaard sal gaan. Die implikasie van die Toffleriaanse denkpatroon, polities gesproke,

5 Vgl Kaplan 1997: 21-31 vir volle besonderhede.

is dat die nasiestaat soos wat dit filosofies veranker is in sekularisme, in 'n omgewing van toenemende konflik en geweld, in sy huidige vorm nie die politieke instelling van die toekoms gaan wees insoverre dit die gesaghebbende toewysing van waardes aangaan nie. Hierdie perspektief sluit aan by Huntington se beskouing waarvolgens beskawings eerder as nasiestate verantwoordelik gaan wees vir eskalerende konflikte en dit in 'n sekere sin reeds is.⁶

Toffler (1991) is egter geensins rigied in terme van sy vooruitskouings nie. Trouens, dit word beklemtoon dat onsuksesvolle transformasie vanuit 'n industriële na 'n post-industriële orde ('n moontlikheid wat nie in alle opsigte uitgesluit kan word nie) 'n terugkeer kan bereken na wat getipeer word as 'n "11th century darkness." Die kernaspekte van die Toffleriaanse denkpatroon kom op die volgende neer:

- Post-industriële ekonomiese kragte lê ten grondslag van politieke transformasie.
- Die nasiestaat as politieke instelling raak toenemend uitgedien as instelling wat die verwysingsraamwerk verskaf vir die organisasie of mobilisasie van politieke steun.
- Die sekulêre grondslag waaruit die nasiestaat ontwikkel het, gaan vervang word deur ander grondslae vir die organisasie en mobilisasie van steun, byvoorbeeld van ekonomiese en fundamentalistiese aard.
- Die nasiestaat as gestandaardiseerde politieke instelling gaan vervang word (en is ten dele reeds vervang) deur 'n sowel groter getal as verskeidenheid (*potpourri*) van politieke akteurs.

Die "11th century darkness" dui steeds op sowel 'n groter hoeveelheid en verskeidenheid politieke akteurs as eskalerende patrone van konflik (Toffler 1991: 385-7). Die moontlikheid van 'n terugwaartse "powershift" met verreikende implikasies vir die nasiestaatsgedagte kan ook vanuit 'n militêr-strategiese hoek in perspektief geplaas word.

6 In afdeling 3.5 word daar in besonderhede op Huntington se beskouing ingegaan.

2.2 'n Veranderde militêr-strategiese omgewing

In sy werk *The transformation of war* wys Van Creveld (1991) daarop dat die moderne nasionale staat as die dominante politieke instelling van ons tyd en die geaardgaande statestelsel wat sedert 1648 met die vrede van Westfale sy beslag gekry het, hul toenemend in 'n toestand van krisis gaan bevind. Hierdie krisis het in essensie te make met 'n onvermoë van state om die veiligheid van hul burgers te waarborg. Guetilla-optredes, terrorisme en sabotasie as onderdeel van lae intensiteitsoorloë, laat die veiligheidsmeganismes van die staat kwesbaar met betrekking tot die mees basiese funksie van die staat naamlik die handhawing van orde, stabiliteit en veiligheid. Dit is veral die state in die ontwikkelende wêreld waar 80% van die wêreldbevolking aangetref word, en waar die voortbestaan van die staat as instelling wat beskik oor die monopolie van die swaardmag, ernstig bedreig word. Van die bykans 160 gewapende konflikte sedert die Tweede Wêreldoorlog was sowat 75% lae intensiteitsoorloë (Van Creveld 1991: 20). Hoewel die fenomeen van lae intensiteitsoorloë prominent in die sogenaamde ontwikkelde wêreld is, is dit besig om oor te spoel na die ontwikkelde wêreld met 'n scenario van toenemende onstabiliteit en hiermee saam 'n bedreiging vir die nasiestaat — selfs tot in sy bakermat.

Sentraal tot die denke van Van Creveld (1991) is die beskouing dat konvensionele oorlogvoering as *modus operandi* uitgedien geraak het en dat dit in 'n toenemende mate vervang gaan word deur wat getipeer kan word as “non-Trinitarian War” (Van Creveld 1991: 49-62). Van Creveld (1991: 33-62) is veral krities ingestel teenoor die Clausewitziaanse idioom van totale oorlogvoering (*Trinitarian war*). Die uitgangspunt van Clausewitz dat oorlog die voortsetting is van die politiek deur van ander middele (georganiseerde geweld) gebruik te maak, word deur Van Creveld (1991: 33-62) verwerp. Trouens, die nasiestaat as dominante politieke instelling van ons tyd wat in konvensionele sin 'n georganiseerde oorlogspoging teen ander state (soortgelyke entiteite) van stapel stuur, is volgens Van Creveld 'n verouderde en ongeldige vertrekpunt met betrekking tot dit wat tans in groot dele van die wêreld aan die orde is en wat toenemend die geval gaan wees. Saam met die geleidelike verval van die nasiestaat-konsep in die internasionale politiek sal, aldus dié denkpatroon,

konvensionele oorlogvoering ook met verloop van tyd van die toneel verdwyn. Van Creveld (1991: 52) verklaar dat:

to speak of war in modern Clausewitzian terms as something made by the state for political ends is to misrepresent reality. For thousands of years after the fall of Rome armed conflict was waged by different kinds of social entities. Among them were barbarian tribes, the Church, feudal barons of every rank, free cities, even private individuals.

'n Bedeling vergelykbaar met dit wat die nasionale statebedeling voorafgegaan het, maar binne 'n veranderde sosiaal-politieke milieu en met 'n andersoortige militêre etiek, is volgens Van Creveld (1991: 52) 'n scenario wat die huidige behoort te vervang en trouens ten dele reeds vervang het. Die Clauzewitziaanse idioom dat die moderne nasiestaat die politieke grondslag verskaf waaruit oorlog en die tipe van oorlogvoering verstaan moet word, word gevolglik deur Van Creveld (1991: ix, 35-49, 49-62) bevraagteken. Van Creveld (1991: 49) wys daarop dat binne die Clauzewitziaanse perspektief dit nie mense of weermagte nie, maar regerings van nasiestate wat vir oorlog en oorlogvoering verantwoordelik is. Hierdie tipe oorlogvoering is egter vreemd vir die meeste mense in die wêreld, dieselfde mense vir wie die nasiestaat ook 'n grootliks onbekende verskynsel is.⁷

In teenstelling tot die nasiestaatkonsep wat slegs sedert 1648 prominensie in die wêreldpolitiek verwerf het, is lae intensiteitsoorloë veel ouer en daarom beter bekend aan groter segmente van die wêreldbevolking. Die nasiestaatkonsep is immers ingebed in 'n Westerse kultuur en tradisie wat vreemd is vir die meerderheid inwoners van die ontwikkelende wêreld — veral diegene in Afrika suid van die Sahara. Hoewel die fenomeen van lae intensiteitsoorloë 'n groter impak op die sogenaamde 'ontwikkelende state' het, beskik

7 Hierdie tendens waarna ook verwys word as die "swak staat konsep" word in Afdeling 4(c) van die teks meer volledig hanteer. Waar regerings nie meer beheer (*social control*) oor dele van die bevolking kan uitoefen nie, word die besluitnemingsbevoegdheid oor wie voer oorlog, teen wie, wanneer en hoe die prerogatief van sosiaal politieke instellings anders as die nasiestaat.

dit tog oor die vermoë om selfs die magtigste state in duie te laat stort. Van Creveld (1991: 192) wys selfs daarop dat:

[a]s the second millennium A.D. is coming to an end, the State's attempt to monopolize violence in its own hands is faltering. Brought face to face with the threat of terrorism, the largest and mightiest empires that the world has ever known have suddenly begun falling into each other's arms. Should present trends continue, then the kind of war that is based on the division between government, army, and people seems to be on its way out. The rise of low-intensity conflict may, unless it can be quickly contained, end up destroying the state. Over the long run the place of the state will be taken by warmaking organizations of a different type.

Van die belangrikste gevolgtrekkings van Van Creveld (1991) met betrekking tot die krisis van die nasiestaatsgedagte kan so saamgevat word:

- Die nasiestaat en sy 'militêre vennoot' (konvensionele oorlogvoering) word wêreldwyd bedreig as politieke akteur wat vir die gesaghebbende toewysing van waardes verantwoordelik is.
- Lae intensiteitsoorloë is 'n instrument wat die nasiestaat ondermyn en verantwoordelik is en sal wees vir die ingrypende transformasie van toonaangewende politieke strukture.
- Oorlogvoering gaan getransformeer word van "civilized" tot "uncivilized" met as implikasie 'n veranderde militêr-etiese kode en dus ook 'n ander *modus operandi*.
- Die nuwe militêr-etiese kode en die gepaardgaande *modus operandi* vind aansluiting by die militêre tradisie en kultuur van 'n meerderheid mense wêreldwyd (lae intensiteitsoorloë).
- Die nasiestaat en die kultuur en tradisie wat hiermee saamgaan, is Westerse monumente wat op die langtermyn moeilik orent gehou sal kan word en gevolglik vir die skrootwerf bestem is.
- Lae intensiteitsoorloë as instrument vir politieke verandering sal nie orals teen dieselfde tempo tot die disintegrasie van nasiestate aanleiding gee nie.
- Lae intensiteitsoorloë word verhef tot 'n politieke oorlewingstrategie in eie reg.

Die perspektiewe van Van Creveld (1991) toon belangrike ooreenkomste met denkers wat die belangrikheid van 'n uitkriingende anargie en chaos as bedreiging vir nasiestate beklemtoon.

2.3 Tendense van politieke verval en anargie

Onlangs het 'n vooraanstaande Afrikakenner by 'n kongres in Johannesburg die volgende opgemerk:

Afrika is in die wurggreep van verrotting en ontbinding. Selfs die mate van afhanklike modernisering wat onder koloniale heerskappy behaal is, word teruggedraai. Die agtereenvolgende ineenstorting van een Afrikaland na die ander in die jare negentig dui alles op 'n voorheen ondenkbare oplossing: Rekolonisasie (Yssel 1996: 7).

So ernstig blyk die krisis in minstens sommige state te wees dat "rekolonisasie" — die haas ondenkbare oplossing — deur sommige, waaronder 'n swart Afrikakenner, Ali Mazrui, gepropageer word. State waar tendense van politieke verval en anargie prominent waarneembaar is, sluit in Liberië, Siërra Leone, Burundi, Rwanda en Somalië — om net enkeles uit te sonder. Die onlangse krisis in Zaire (Demokratiese Republiek van die Kongo) en die sogenaamde Groot Meregebied, waar grootskeepse politieke onstabiliteit en etniese konflik aan die orde van die dag is, het reeds daartoe gelei dat meer as 'n miljoen mense ontwortel is en kan beoordeel word as 'n toestand van uitkringende anargie oftewel 'n inploffing. Hoewel prominent op die Afrikavasteland is toestande van politieke verval en anargie nie tot hierdie wêrelddeel beperk nie en kom dit ook voor in state soos Libanon, Sri Lanka, El Salvador, Peru en Columbië (Van Creveld 1991: 204).

Uitgaande van 'n soortgelyke vertrekpunt as Van Creveld (1991), maar met as fokuspunt Wes-Afrika, wys Kaplan (1994) in 'n artikel *The coming anarchy* op toestande van uitkringende anargie wat nie net Afrika en dele van die Derde Wêreld bedreig nie, maar ook die ontwikkelde wêreld. Volgens Kaplan (1994: 45-76) staan die wêreldpolitiek op die vooraand van ingrypende verandering waarin die grondslag van 'n nuwe orde (chaos?) van buite die sentra van die Westerse politiek bepaal gaan word. Toestande waaronder snelle bevolkingsgroei, die voorkoms van ernstige siektes wat epidemiese afmetings aanneem, onbeheersde kriminaliteit, skaarsheid van hulpbronne, bevolkingsmigrasies, die aanwesigheid van private leërs en die bedrywigheide van dwelmkartelle laat Wes-Afrika, maar ook ander dele van die wêreld, wegsink in 'n moeras van chaos en

anargie.⁸ Die bekende historikus Paul Kennedy (1987: 34) som die politieke implikasies van bevolkingsontploffings as historiese verskynsel so op:

Behind many well-known historical upheavals — the outward thrust of the Viking, the expansion of Elizabethan England, the French Revolution, *Wilhelmine Weltpolitik*, the turbulences that rack central America and the Middle East today — the societies involved were experiencing population explosions and often having difficulties in absorbing increasing numbers of energetic young men. Sometimes the unfulfilled expectations of a new generation exploded into violence and revolution. In other instances, those energies were diverted by nimble and ambitious political leaders into foreign adventures and conquests.

Die huidige bevolkingsontploffing wat voor die deur lê sal ver buite die grense van die ontwikkelende wêreld gevoel word. Trouens, net so min as wat Suid-Afrika hom kan losmaak van bevolkingstendense in die res van Afrika, kan gevestigde Westerse nasiestate hulself hiervan isoleer. In Frankryk was daar teen 1994 reeds 3,6 miljoen vlugtelinge wat 6,3% van die bevolking verteenwoordig. Hiervan was die helfte uit Afrika afkomstig. Teen 1993 was 8,5% van die Duitse bevolking buitelanders waarvan 1,9 miljoen asielsoekers was (Scholtz & Scholtz 1996: 55). In die VSA het 40 van die grootste stede reeds 'n bevolkingsamestelling waarvan ±10% 'n Latynsamerikaanse herkoms het (Millan & Morris 1990: 32-33). Dit word bereken dat teen 2025 Spaanssprekendes die grootste minderheid in die VSA gaan wees (Sunter 1992: 45). Ten spyte van pogings van die ontwikkelde wêreld om onwettige migrasies stop te sit, is die tendens aan die toeneem eerder as aan die afneem en word dit heel dikwels uitgebuit tot 'n lonende besigheid

8 Daar word byvoorbeeld bereken dat 95% van die wêreld se bevolkingsgroei tot en met die jaar 2025 in die Derde Wêreld (tans 78% van die wêreldbevolking) sal voorkom (Scholtz & Scholtz 1996: 55; Kaplan 1994: 72-3). Wat Afrika as die vasteland met die hoogste bevolkingsgroei betref, het die getalle tussen 1960 en 1986 verdubbel van 290 miljoen tot 580 miljoen en sal die totaal van 1 biljoen teen die jaar 2008 verbygesteek word indien huidige groeikoerse gehandhaaf word (Esterhuysen 1995/6: 16). Teen 1990 was die bevolking van Latyns-Amerika en die Karrisiese gebied op 430 miljoen bereken en sal dit na verwagting binne die volgende 25 jaar verdubbel (Millan & Morris 1990: 31).

(Sunter 1992: 48). Die eens harde, rigiede en ondeurdringbare staatsgrense is gevolglik besig om plek te maak vir 'n groter vloeibaarheid. Dit is 'n tendens wat wêreldwyd aan die orde blyk te wees. Ten grondslag hiervan (veral in dele van die ontwikkelende wêreld, maar met enorme implikasies vir die ontwikkelde wêreld) ontstaan grys areas waar die gesaghebbende toewysing van waardes 'n al hoe groter probleem word. Hierdeur word magvakuums gelaat wat deur instellings anders as die nasiestaat gevul kan word en in sommige areas reeds gevul is.

Omstandighede waaronder eskalerende konflikte, onbeheersde bevolkingsgroei en veranderde migrasiepatrone, steeds verslegtende sosiaal-ekonomiese omstandighede in groterwordende dele van die wêreld lê aan die wortel van toestande van uitkringende anargie wat nie net state in die ontwikkelende wêreld bedreig nie, maar ook die stategemeenskap in die algemeen.⁹ Tendense van politieke verval word aangehelp deur wat as die skaarsheidsfaktor (beperkte hulpbronne) voorgehou kan word.

2.4 Beperkte hulpbronne

Die determinant van beperkte hulpbronne word toenemend vermeld as 'n potensiele bedreiging vir nasionale en internasionale sekuriteit. Skrywers waaronder Brown, Gleick, Lipschuts, Holdren en Myers beklemtoon die potensiele gevolge wat beperkte hulpbronne op die wêreldpolitiek kan uitoefen. In sy baanbrekerswerk *On the threshold: environmental changes as causes of acute conflict* wys Homer-Dixon (1991: 76-116) op die werklikheid van politieke konflik en politieke onstabieleit as uitvloeisel van beperkte hulpbronne. Hy gaan selfs sover om te beklemtoon dat skaarsheid eerder as ideologiese redes die belangrikste oorsaak van politieke konflik en politieke onstabieleit kan word. Homer-Dixon (1991: 78) wys daarop dat omgewingsgedomineerde konflik 'n direkte uitvloeisel kan wees van

a range of atmospheric, terrestrial and aquatic environmental pressures (that) will in time probably produce either singly or in combination, four main, causally interrelated social effects: reduced

9 Vgl Kaplan (1994: 44-76) vir volledige besonderhede.

agricultural production, economic decline, population displacement, and disruption of regular and legitimized social relations.

Ten einde die rasionaal agter die denke van Homer-Dixon en andere te verstaan, is 'n kort rekonstruksie van dit wat tans in die omgewing aan die orde is van groot belang, aangesien dit die kwessie van beperkte hulpbronne en die politieke implikasies hiervan vir nasiestate as tendens in perspektief sal plaas.

Tans word die wêreldbevolking op ses biljoen bereken met 'n vermeerdering van een biljoen in die volgende 12 jaar alleen indien die huidige groeitempo konstant bly (Sunter 1992: 28-9). Vooruit-skouings dui verder daarop dat die wêreldtotaal teen die einde van die een-en-twintigste eeu op 11 biljoen te staan kan kom indien huidige groeikoerse gehandhaaf word (Palmer 1989: 83; Homer-Dixon 1991: 102; Sunter 1992: 28-9). As dit in ag geneem word dat daar in elke sekonde drie mense gebore word, maar een akker tropiese woud vernietig word; 500 ton gas ('greenhouse gas') die atmosfeer ingeblaas word; 800 ton bogrond, kunsmis en gifstowwe in die oseane beland en bykans 10 spesies fauna en flora vernietig word, kan dit nie anders beoordeel word as 'n krisis van steeds groterwordende omvang nie (vgl Sunter 1992: 39-40). Sedert 1945 is 1,2 biljoen hektaar grond in 'n mindere of meerdere mate gedegradeer as gevolg van uiteenlopende oorsake. Dit bedra 10,5% van die grondoppervlakte van die wêreld (Sunter 1992: 40). Tussen twee en drie miljoen hektaar landbougrond gaan per jaar verlore as gevolg van gronderosie, vier tot ses miljoen hektaar as gevolg van verstedeliking en een miljoen hektaar per jaar as resultaat van verhoogde soutvlakke in die grond (Homer-Dixon 1991: 93-4). Dit word bereken dat tussen 1985 en die jaar 2000 'n honderd miljoen hektaar grond as gevolg van bogenoemde faktore verlore sal gaan (Homer-Dixon 1991: 93-4).

Die impak op die Afrikavasteland van omgewingsvernietiging en wat as "human induced environmental pressures" beskryf kan word (Homer-Dixon 1991: 76), verdien egter spesiale vermelding. Woestynindringing veroorsaak dat tot 50% van die vasteland tans as woestyngebiede kwalifiseer en tot 300 miljoen mense se lewens hierdeur geaffekteer word. Die Sahara-woestyn alleen groei teen 'n berekende 250 000 akkers ($\pm 107\ 000$ hektaar) per jaar (Lamb

1987: 7). Verder verloor Afrika soveel as 3,5 miljoen hektaar natuurlike bos elke jaar terwyl die uitwissing van reënwoorde ook ontstellende afmetings aanneem. Met onafhanklikheidswording in 1961 was tot 60% van Sierra Leone se reënwoorde onaangetas teenoor die 6% van vandag en in die Ivoorkus het die persentasie in die ooreenstemmende tydperk van 38% tot 8% gedaal (Kaplan 1994: 48). In 1994 het 54% van die Afrikabevolking (380 miljoen) onvoldoende toegang tot 'veilige water' gehad. Teen die agtergrond van die huidige bevolkingsgroei op die vasteland sal die beskikbaarheid van water, bereken *per capita*, met tot die helfte binne die volgende 25 jaar verminder (Novicki 1997: 22). Met 'n waterskaarste wat eskaleer kan verwag word dat die meer as 300 waterareas wêreldwyd wat deur meer as een staat benut word, oorsake van politieke konflik kan word. State soos Egipte, Mauritanië, Botswana, Gambië, Soedan, Niger en Senegal is voorbeelde van state wat afhanklik is van waterareas wat grense vorm of wat hul oorsprong buite die onderskeie staatsterritoriums het. Novicki (1997: 22) som die implikasies van waterskaarstes so op:

Dwindling water supplies of lower quality, and ever-higher costs, also will constrain food production and increase environmental degradation — and may possibly result in conflict, among users within countries and across borders.

Dit blyk vanuit die voorafgemelde besonderhede duidelik te wees dat beperkte hulpbronne (met verwysing na geaffekteerde gebiede maar met 'n wêreldwye impak) 'n steeds groterwordende invloed op die wêreldpolitiek behoort uit te oefen en moontlik selfs die faktor kan word wat aan die wortel mag lê van die meerderheid politieke konflikte van die toekoms. Hiervan getuig konflikte soos dié tussen Irak en Koeweit oor oliebronne, Egipte en Soedan se konflik oor die water van die Nyl en die stryd tussen Namibië en Botswana oor die water van die Okavangodelta — om net enkele konflikte te vermeld. Selfs interne politieke onstabiliteit soos wat tans aan die orde is in Zimbabwe kan onder meer aan beperkte hulpbronne toegeskryf word. Die onlangse onwettige besetting van kommersiële plase in Marabeleland deur grondloses kan geïnterpreteer word as simptome van skaarsheid wat op sy beurt bydra tot die ineenstorting van wet en orde — 'n patroon wat geensins uniek is aan Zimbabwe nie.

Die gevolgtrekking waartoe Homer-Dixon (1991: 104-113) kom, is dat:

[t]hese [environmentally dominated] pressures might overwhelm the management capacity of institutions in developing countries, inducing praetorianism or widespread social disintegration [...] The regimes that do gain power in the face of such disruption are likely to be extremist, authoritarian and abusive of human rights.

Die implikasies van beperkte hulpbronne as resultaat van onder meer omgewingsvernietiging kan in geaffekteerde gebiede meewerk dat:

- Politieke konflikte en onstabieleit as resultaat van beperkte hulpbronne toenemend voorkom.
- In 'n poging om in al hoe moeiliker omstandighede orde, stabiliteit en sekuriteit te handhaaf, sal demokratiese bedelings toenemend deur nie-demokratiese bedelings vervang word.
- State, veral in die ontwikkelende wêreld, gaan dit al hoe moeiliker vind om in 'n omgewing van toenemende skaarsheid sy primêre funksie (die handhawing van orde, stabiliteit en sekuriteit) te vervul.
- In samehang met ander faktore word die voortbestaan van nasiestate, minstens in sommige dele, deur die werklikheid van beperkte hulpbronne bedreig.

Die werklikheid van eskalerende konflikte blyk 'n verdere faktor te wees wat die krisis van die nasiestaat in huidige omstandighede toelig.

2.5 Eskalerende konflikte

'n Aspek waaroor bykans alle futuruloë konsensus het, is die werklikheid van eskalerende politieke konflik en politieke onstabieleit.¹⁰

Uiteraard word daar verskillende en heel dikwels uiteenlopende oorsake vir eskalerende patrone van konflik aangedui. So beklemtoon Toffler ekonomiese oorsake, Homer-Dixon skaarsheid, en Kaplan 'n

10 Vgl Toffler 1991: 382-7, 457-8; Van Creveld 1991: 1-32; Kaplan 1994: 44-76 & Homer-Dixon 1991: 76-116).

kombinasie van faktore wat konflik en politieke verval in die hand werk. In 'n omstrede artikel "The clash of civilizations" en 'n daaropvolgende kommentaar "If not civilizations — what?" beklemtoon Huntington (1993: 22-49; 1993a; 186-94) dat die sogenaamde Koue Oorlogparadigma, waarvolgens politieke konflik 'n ideologiese basis gehad het, vervang gaan word en ten dele reeds vervang is, deur wat as 'n paradigma van konflikterende beskawings voorgehou kan word.¹¹ Prominente beskawings van ons tyd sluit in die Westerse, die Confuciaanse, die Japanese, Islamitiese, Hindoeïstiese, Slawies-Ortodokse en Latyns-Amerikaanse beskawings.¹²

Binne die beskawingsparadigma verkry konflik 'n kulturele (antropologiese), religieuse en selfs fundamentalistiese karakter. Huntington (1993: 22) se vertrekpunt in dié verband is dat

[t]he great divisions among humankind and the dominating source of conflict will be cultural. The clash of civilizations will dominate global politics. The faultlines between civilizations will be the battle lines of the future.

Sedert die Vrede van Westfale het politieke konflikte hul oorsprong binne die Westerse beskawing gehad. Burgeroorloë, oorloë tussen nasiestate en ideologiese konflikte binne die Westerse beskawing kan hier as voorbeelde gebruik word (vgl Huntington 1993: 23). Die fokus verskuif egter nou na konflikte tussen beskawings, enersyds op 'n mikro-vlak waar die invloedsfere van beskawings kontak maak en andersyds op 'n makro-vlak tussen nasiestate wat politieke ekonomiese en militêre mag teen mekaar mobiliseer (Huntington 1993: 29). Oorsake vir die eskalerende konflikte tussen beskawings sluit in diepliggende verskille tussen mense wat vergestaltung vind in terme van kultuur en beskawing; 'n kleinerwordende wêreld wat groter kontak impliseer; 'n reaksie teen Westerse beskawingswaardes

- 11 Met 'n beskawing word basies bedoel 'n kulturele identiteit of soos Huntington (1993: 24) dit beskryf as "the highest cultural grouping of people and the broadest level of cultural identity people have short of that which distinguishes humans from other species" Taal, geskiedenis, geloof, gebruike, gewoontes en instellings is uniek binne elke beskawing.
- 12 Huntington (1993: 25) is onseker oor Afrika se posisie as beskawing aangesien dit volgens sy definisie nie ten volle kwalifiseer nie.

in die algemeen; die onveranderbaarheid van kultuur en beskawingswaardes; en groter regionalisme as wêreldwye verskynsel (Huntington 1993: 25-9).

Huntington (1993: 29) beklemtoon dat

[t]he fault lines between civilizations are replacing the political and ideological boundaries of the Cold War as the flash points for crisis and bloodshed.¹³

Die belangrike van die breuklyne is dat dit nie noodwendig staatsgrense in ag neem nie. Trouens, die omgekeerde is heel dikwels die norm. In baie gevalle verdeel die breuklyne nasiestate soos wat die geval is met die Oekraïne, Roemenië, Bella-Rusland en die voormalige Joego-Slawië in terme van Westers-Christelike beskawingswaardes enersyds en Ortodoks-Christelike en/of Moslem-beskawingswaardes andersyds (Huntington 1993: 29-30). Ander state wat deur die onderskeie breuklyne geraak word, sluit onder meer in Turkye (Westers vs Moslem), Mexiko (Latynsamerikaans vs Westers), Libanon (Christelik-Westers vs Moslem), Israel (Westers vs Moslem), Nigerië (Christelik-Afrika vs Moslem) en Indië (Hindoe vs Moslem). Ander manifestasies van beskawingskonflikte is die stryd tussen die Weste en Westersgesinde state (Saoedi-Arabië en Koeweit) enersyds en die Moslem-georiënteerde Midde-Ooste (Iran, Irak, Jordanië, ea) andersyds; die stryd tussen Ortodokse invloed en Moslems in die Horing van Afrika en selfs die ekonomiese oorlog tussen Japan en die VSA. Konflikte het heel dikwels die neiging om ander belangrike akteurs in te trek wat lei tot "civilization rallying" waarna Huntington (1993: 35-9) ook verwys as die "kin country syndrome". Hierdeur verskaf beskawingswaardes en die dikwels amorfte invloedsefeer van beskawings 'n nuwe grondslag vir die organisasie en mobilisasie van politieke steun wat nie saamval met die meer stereotipe staatsgrense wat konfliksones in die verlede afgebaken het nie. Die mobilisasie van Arabiese en Islamitiese steun teen 'n moontlike Amerikaanse militêre aanval teen Irak kan teen

13 Vgl Huntington (1993: 29-35) vir besonderhede oor die identifisering van breuklyne as die brandpunte van politieke konflik.

hierdie agtergrond beoordeel word. Soos Van Creveld (1991) wys Huntington (1993: 23-4) daarop dat

[w]esterners tend to think of nation states as the principal actors in global affairs. They have been that, however, for only a few centuries.

Huntington (1993: 23-24) gaan egter verder en wys daarop dat

[t]he broader reaches of human history have been the history of civilizations.

Sy perspektief dat die Westerse beskawing nie altyd oppermagtig kan wees nie en dat die nasiestaat 'n produk van dié beskawing is, dui op 'n kleiner invloedssfeer vir dié beskawing en hiermee saam 'n beperkte groeibodem vir die nasiestaat wie se politieke wortels in die Weste geanker is. Die verkrummeling van nasiestate op die periferie van die Westerse beskawing soos deur van Creveld en Kaplan uitgewys is, kan gevolglik ook vanuit Huntington se perspektief verstaan word.

Ten spyte van bogenoemde perspektief wys Huntington (1993: 48-9) tog daarop dat die nasiestaat steeds die belangrikste politieke akteur in die wêreldpolitiek gaan wees, maar dat die belangrikheid hiervan sal afneem en dat talle state die slagoffers kan wees van beskawingsgeoriënteerde konflikte van die toekoms. Nasiestate sal toenemend hulself in beskawings- eerder as ideologiese terme (die Koue Oorlog) definieer. Die volgende aspekte vorm die kern van Huntington se denke:

- Beskawingswaardes gaan primêr vir eskalerende patrone van konflik verantwoordelik wees.
- Konflikpatrone in terme van die wêreldgeskiedenis was veel eerder beskawings- as staats- of ideologies-gesentreer en gáán dit ook wees.
- Konflikpatrone is besig om in terme van die groter geskiedenis te 'normaliseer' in terme van die gevestigde beskawingspatrone en gepaardgaande konflikte.
- Die nasiestaatkonsep is 'n produk van die Westerse beskawing wat in konflik staan met politieke waardestelsels onderliggend aan ander beskawings.
- Nasiestate sal steeds die belangrikste politieke akteurs in die

- wêreldpolitiek wees, maar sal in belangrikheid afneem eerder as toeneem.
- Die invloedssfeer van beskawings en die terrein wat dit voorberei vir konflik kan die belangrike grondslag word vir die bedryf van politiek.
 - Beskawingskonflikte was reeds verantwoordelik vir die disintegrasie van minstens sommige nasiestate.

Hierdie indikatore soos gerekonstrueer in terme van prominente bydraes, beklemtoon 'n veranderde politieke omgewing waarin die nasiestaat sig bevind en toenemend gaan bevind. Dit beklemtoon die reële en potensiele krisis waarmee nasiestate te make het of in die toekoms moontlik te doene gaan kry. Hierdie faktore beklemtoon die onstabiele en uiters vloeibare omgewing waarin talle nasiestate veg om te kan oorleef.

3. Politieke verandering en die krisis van die nasiestaat

Die krisis van die nasiestaat kan ten beste in perspektief gestel word deur die volgende sake vir aandag uit te sonder: 'n verwingde politieke landkaart; wanstaltige gevegsones; die 'weak-state' sindroom; kompeterende politieke magsbasisse; en politiek as oorlewingstrategie. Hierdie voorstelling kan gesien word as gevolge of potensiele gevolge wat voortvloei vanuit die voorafgaande rigtingwysers.

3.1 'n Verwingde politieke landkaart

Kenmerke van die nasiestaat waaronder 'n vaste staatsterritorium, 'n permanente samelewing en 'n staatsorganisasie wat bindende besluite kan afdwing, is heel dikwels 'n skeefgetrekte voorstelling van die ware toedrag van sake in minstens groot dele van die ontwikkelende wêreld. Die voorstelling van soewerein onafhanklike nasiestate wat bindende reëls vir die samelewing en ander sosiale instellings kan neerlê en selfs afdwing, is soms ver verwyderd van die ware politieke werklikheid in uitgesonderde dele van die wêreld. Onlangs het die tydskrif *National Times* berig dat die meerderheid van die bykans 185 'nasiestate' nie nasiestate in die ware sin van die

woord is nie maar slegs “survivals of older, cruder forms of political life” (Anon 1996: 30). Bevolkingsmigrasies as gevolg van politieke, ekonomiese en ander oorwegings, verskuiwende ekonomiese sentra met die gepaardgaande implikasies en eskelasies van kultuur-gefundeerde konflikte binne state (en wat soms oor staatsgrense heen spoel) versoorzaak 'n politieke vloeibaarheid wat moeilik met 'n territoriaal gebonde sisteem van nasiestare geassosieer kan word. Dit is in dié verband dat Kaplan (1994: 48) opmerk dat

West Africa is reverting to the Africa of the Victorian Atlas [...] Instead of borders there would be moving 'centers' of powers, as in the Middle Ages [...] This future map will be an ever mutating representation of chaos.

Die huidige situasies in dele van Oos-Europa, die Midde-Ooste, Suidoos-Asië en Afrika, beklemtoon die aanwesigheid van veranderende politieke werklikhede wat nie altyd akkuraat reflekteer in die politieke (staatkundige) kaart van die wêreld nie. Dit is veral die toestand in Wes- en Sentraal-Afrika wat hierdie punt by uitstek onderstreep. 'n Verwringde politieke landkaart werk 'n toestand in die hand wat as wanstaltige gevegsones aangedui kan word.

3.2 Wanstaltige gevegsones

Met wanstaltige gevegsones word bedoel die gedagte van “non-trinitarian war” soos deur Van Creveld (1991: 49-57) gekonseptualiseer in terme van lae intensiteitsoorloë. Hiervolgens word oorlog nie tussen state nie, maar tussen 'n veelheid van akteurs onderling gevoer, meestal op 'n nie-staatlike basis. Die aard en samestelling van akteurs wissel van tyd tot tyd en fase tot fase en lae intensiteitsoorlogvoering eerder as konvensionele oorlogvoering (waar die nasiestaat die politieke magsbasis veronderstel) blyk die *modus operandi* te wees. Hierdie tipe van oorlogvoering vind aansluiting by die politieke kultuur en militêre tradisie van 'n meerderheid van mense (sowat 80%) in die wêreld — meestal burgers in die ontwikkelende state. Dit verklaar waarom gewapende konflikte op die Afrikavasteland bykans sonder uitsondering nie tussen state gevoer word nie, maar eerder tussen segmente van die burgers, faksies, etniese groepe en ander konflikterende belangegroepes. Wat wel waar is, is dat sodanige konflikte soms tussenstaatlike

dimensies ontwikkel soos wat talle konflikte in Sentraal, Wes- en Suid-Afrika tans en in die verlede uitgewys het. Mathews (1997: 51) wys byvoorbeeld daarop dat van die 100 gewapende konflikte wat sedert 1989 in die wêreldpolitiek voorgekom het, almal intra-staat-konflikte was op enkele uitsonderings na. Aan die wortel van konflikte is meestal iets anders as nasionale identiteite, konvensioneel gemobiliseer in ooreenstemming met die patroon in Wes-Europa sedert 1648. Dit is teen hierdie agtergrond, op dieselfde golf lengte as Van Creveld (1991), dat Kaplan (1994: 46) toestande in Wes-Afrika interpreteer as

[a] premodern formlessness (chaos) governs the battlefield, evoking the wars in medieval Europe prior to the 1648 Peace of Westphalia, which ushered in the era of organized nation states.

In groot dele van die wêreld is die beeld van die 'swak staat' besig om te triumfeer oor die 'sterk staat'.

3.3 Die swakstaat-sindroom

Die swakstaat-sindroom is 'n praktiese manifestasie van politieke verval en anargie wat vroeër as rigtingwyser hanteer is en waarvan die praktiese implikasies vir die staat in die afdeling verreken word.

In teenstelling tot sterk state vertoon swak state 'n beperkte vermoë en dikwels 'n onvermoë om politieke spelreëls af te dwing en daardie instelling te word wat vir die gesaghebbende toewysings van waardes en skaars middele verantwoordelik is. Migdal (1988: 4) verwys hierna as 'n onvermoë om politieke gesproke sosiale beheer uit te oefen. Gebrekkige sosiale beheer dui op 'n onvermoë om die samelewing te penetreer, sosiale verhoudings binne die samelewing te reguleer en menslike en natuurlike hulpbronne te ontgin en doelmatig aan te wend. Die staat se onvermoë om waardes gesaghebbend toe te wys laat ruimte aan ander politieke entiteite om die funksie van sosiale beheer oor te neem. Die resultaat hiervan is dat steun georganiseer en gemobiliseer word in terme van politieke magsbasisse wat, in konflik met die staat, waardes toewys. Migdal (1988: 40) beskryf hierdie tendens soos volg:

Where an environment of conflict persists, states have been at loggerheads with kinship and ethnic groups and others. Each has struggled to establish the currency of social control in what its

Duvenhage/Die krisis van die nasiestaat

leaders consider its domain; each has offered the wherewithal for people's strategies of survival. In many cases, weblike societies have survived with social control dispersed among various social organizations having their own rules rather than centralized in the state or organizations authorized by the state.

Hierdie toedrag van sake is prominent in groot dele van die ontwikkelende wêreld met verwysing na Afrika, dele van Asië en Latyns-Amerika, waar in die woorde van Huntington (1968: 2, 28): "Governments simply do not govern". Hy argumenteer verder

The function of a government is to govern. A weak government, a government which lacks authority, fails to perform its function and is immoral in the same sense in which a corrupt judge, a cowardly soldier, or an ignorant teacher is immoral.

Die swakstaat-sindroom enersyds en die ontwikkeling van politieke magsbasse wat verband hou met post-industriële en ander tendense andersyds, is verantwoordelik vir kompeterende politieke magsbasse wat die dominante posisie van die nasiestaat as politieke instelling in gevaar stel.

3.4 Kompeterende politieke magsbasse

Die era waarin die nasiestaat die alleenseggenkap het vir die toewysing van waardes en skaars middele blyk toenemend (indien dit ooit volledig bestaan het) tot die verlede te behoort. Hiermee word geensins gesuggereer dat nasiestaat ophou om te bestaan nie, maar slegs dat 'n veelheid akteurs waardes en skaars middele in eie reg toewys en sodoende 'n politieke status ontwikkel. Hoewel bogenoemde geensins 'n nuwe tendens is nie, het die aard van politieke kompetisie, afkomstig vanuit nie-staatlike oorde, ongetwyfeld skerp toegeneem. Politieke kompetisie afkomstig van die "global gladiators", politieke magsbasse wat ontwikkel rondom etniese en minderheidsbelange, en instellings met 'n kriminele agtergrond is enkele voorbeelde in die verband. Toffler (1993: 321-2) wys byvoorbeeld daarop dat daar tans ±35 000 transnasionale korporasies bestaan met tot 150 000 affiliale. Wêreldwyd is hierdie korporasies besig om waardes en skaars middele in eie reg toe te wys in die mate dat transnasionale maatskappye in alliansie met stads- en regionale owerhede tot die politieke akteurs van die toekoms gereken

word. Die aanwesigheid van etniese en minderheidsgroepe wat die nasiestaat se gesaghebbende toewysing van waardes inhibeer is in die ontwikkelende wêreld die norm eerder as die uitsondering soos dit vroeër aangedui is. Die bestaan van 'n transnasionale maatskappy soos Executive Outcomes (EO)¹⁴ wat onder meer militêre mag teen 'n vergoeding aan kliënte beskikbaar stel, was reeds verantwoordelik vir militêre operasies in Angola, Papoea-Nieu-Guinea en Sierra Leone. EO beskou sigself as 'n professionele, koste-effektiewe mag wat sonder politiek-ideologiese voor- of afkeure teen 'n vergoeding vir kliënte (dikwels nasiestate) konflik en konfliktsituasies hanteer. In hierdie sin kan EO beoordeel word as 'n transnasionale maatskappy wat waardes (meestal sake wat verband hou met orde, stabiliteit en veiligheid) gesaghebbend toewys en sodoende 'n politieke status verwerf. EO laat reg geskied aan Van Creveld (1991: 192) se verwysing na "war making organizations of a different type" (huursoldate) wat toenemend op die politieke terrein betrokke raak.

Verder is kriminele organisasies, met 'n transnasionale karakter, toenemend besig om hul staanplek in die wêreldpolitiek te verseker en om waardes in eie reg toe te wys. In teenstelling tot talle nasiestate se onvermoë om aan te pas in 'n post-industriële era het kriminele organisasies reeds pro-aktief die nodige aanpassings gemaak wat hul in staat stel om munt te slaan uit 'n snel veranderde omgewing. In talle state van die wêreld bevind kartelle, sindikate en organisasies met kriminele doelstelling hul soms in 'n bykans onaanvegbare posisie met betrekking tot die gesaghebbende toewysing van waardes en skaars middele. Jamieson (1990: 4) beskryf byvoorbeeld die handel in dwelmmiddels as die mees winsgewende en ware transnasionale ekonomiese aktiwiteit ter wêreld. Naas die handel in wapens is die dwelmbedryf die grootste ekonomiese aktiwiteit wêreldwyd en verantwoordelik vir 'n konserwatief berekende omset

14 Executive Outcomes is as 'n Suid-Afrikaanse maatskappy in 1989 gestig en het sedert 1991 internasionaal begin opereer. Aktiwiteite waarmee EO geassosieer word sluit in: die opleiding van militêre, intelligensie- en sekuriteitspersoneel op aanvraag; advies in terme van militêre, intelligensie-, sekuriteits-, veiligheids- en kriminele sake; en militêre operasies soos vermeld. Aktiwiteite van die maatskappy is omstrede en word sover moontlik in die geheim bedryf.

van ongeveer 500 biljoen dollar per jaar (Jamieson 1990: 4, 23). Latynsamerikaanse state waaronder Peru, Bolivië en Colombië se ekonomieë word byvoorbeeld toenemend afhanklik van die uitvoer van dwelmmiddels as bron van buitelandse valuta.¹⁵

In Colombië het die stryd tussen die handhawers van die openbare regsorde en dwelmpkartelle in die tagtigertjare gelei tot die dood van 50 regters en tussen 1985 en 1990 is nie minder nie as 2011 lede van die polisiemag in optredes teen dwelmpkartelle gedood (Jamieson 1990: 16). Berekeninge dui verder daarop dat 70% van alle marijuana en kokaïen die VSA deur Mexiko bereik met 'n geskatte waarde van 30 biljoen dollar (Kaplan 1997: 22). Kaplan (1997: 22) gaan sover om te sê dat “[d]rugs constitute the economic subsoil of Mexico — the subterranean part of North American free trade that doesn’t require treaties or congressional approval”. Selfs binne die VSA, tans die magtigste staat ter wêreld, het die 24 mafia-families onlangs 'n geskatte winsgrens van 60 biljoen dollar per jaar gehad (Sunter 1992: 39).

In terme van die vroeëre definiëring van politiek het ons ongetwyfeld hier te make met kompeterende politieke magsbassise, nasionaal en internasionaal, waarvan die invloedseer moeilik deur 'n stelsel van nasiestate aan bande gelê sal kan word. Trouens, in uiterste gevalle word die staat selfs gyselaar geneem soos wat die geval was met sommige Latynsamerikaanse state en dele van Afrika waarna vroeër verwys is — 'n tendens wat al hoe meer voorkom. In die algemeen gesien ondermyn opkomende kompeterende magsbassise, hoe ook al gedefineer, die gesaghebbende toewysing van waardes met verreikende implikasies vir die nasiestaat as dominante politieke instelling. Kompeterende magsbassise slaag dikwels daarin om oorlewingstrategieë vir segmente van die bevolking te bied wat in direkte konflik verkeer met state se pogings om 'n openbare regsorde, staatkundig gesproke, in stand te hou.

15 In Bolivië het die uitvoer van kokaïen in 1989 reeds 0,9 - 1,2 biljoen dollar beloop; 1,5 - 4 biljoen dollar in Colombië en 1 - 1,8 biljoen dollar in Peru. Dit is onderskeidelik 19 - 23%, 4 - 10% en 2,5 - 4,6% van die Bruto Binnelandse produk van hierdie state (Jamieson 1990: 16, 18).

3.5 Politiek as oorlewingstrategie

Vroeër is daarop gewys dat die vermoë van politieke akteurs om waardes en skaars middele suksesvol (gesaghebbend) toe te wys 'n direkte aanduiding is van 'n politieke vermoë om 'n oorlewingstrategie in stand te hou. Vir enkele eeue kon die nasiestaat vir beduidende getalle mense, veral in die sogenaamde Westerse wêreld, oorlewing verseker deurdat politieke behoeftes wat verband hou met die soeke na orde, stabiliteit en sekuriteit struktureel geakkommodeer word. Veranderde omstandighede soos teweeg gebring deur 'n veelheid van faktore plaas tans wêreldwyd geweldige druk op nasiestate as daardie politieke akteurs wat politieke oorlewing alleen in stand moet hou. Veranderde behoeftes en die onvermoë van bepaalde nasiestate om hiertaan uitdrukking te gee, bring nuwe politieke akteurs na vore wat minstens ten dele aan politieke behoeftes van segmente van die burgers uitvoering kan gee. Nuwe akteurs slaag toenemend daarin om ten koste van die nasiestate oorlewingstrategieë te vestig en in stand te hou. Hoe groter die onvermoë van nasiestate, hoe groter die toetrede van nuwe akteurs tot die politieke spel. Die aard en vorm wat die nuwe akteurs aanneem, verskil van situasie tot situasie en kan verskillende vorme aanneem, soos tereg deur Toffler (1991: 457-8) uitgewys is. Die onvermoë van 'n enkele akteur om waardes en skaars middele gesaghebbend toe te wys dui daarop dat die individu se behoeftes, polities gesproke, deur 'n aantal eerder as 'n enkele instelling gewaarborg word. In die toekoms kan die tendens die norm eerder as die uitsondering word totdat 'n bepaalde akteur as oppermagtig bewys is — die wet van politieke oorlewing. Soos en waar nasiestate hul dominante posisie verloor en magsvakuums ontstaan wat deur ander politieke akteurs geneem word, sal die tendens beslis toeneem. Teen hierdie agtergrond blyk dit dat die heil van die burgers heel dikwels lê in die sluiting van politieke kontrakte met 'n veelheid (soms konflikterende) akteurs ten einde politieke oorlewing in 'n veranderde omgewing te verseker.

4. Die nasiestaatgedagte in die een-en-twintigste eeu

In soverre dit die toekoms van die nasiestaat aangaan, kan die volgende sake vir aandag uitgesonder word:

- 'n Veelheid van faktore, soms in kombinasie, ondermyn die nasiestaat as die sentrale bousteen van die kontemporêre internasionale politiek.
- Die disintegrasie van nasiestate sal nie wêreldwyd teen dieselfde omvang en tempo plaasvind nie.
- Die disintegrasie van nasiestate kan soms met groot diskewilbrium en onstabiliteit gepaard gaan.
- Nasiestate sal steeds die belangrikste politieke akteurs in die wêreldpolitiek vir die afsienbare toekoms wees, maar hierdie instelling sal in belangrikheid afneem eerder as toeneem.
- Die organisasie en mobilisasie van steun (met die oog op die toewysing van waardes en skaars middele) in die toekoms deur 'n pluralisme van akteurs eerder as 'n monisme (die gestandaardiseerde nasiestaatkonsep) bedryf gaan word.
- Talle nasiestate gaan in 'n toenemende mate gedegradeer word tot een instelling naas ander wat politieke oorlewingstrategieë in stand hou.
- Nasiestate sal nie orals ewe maklik tot niet gaan nie, maar die eise wat voortspruit vanuit 'n veranderende omgewing sal minstens nuwe politieke inhoud aan bestaande strukture gee.
- Nasiestate sou in die toekoms tot een of meer van die volgende getransformeer kon word: swak state, sterk state, *virtual states* en nie-funksionele eenhede. Elkeen van die kategorieë verdien om kortliks beskryf te word.

4.1 Swak state

Hierdie kategorie van state is in 'n vorige afdeling aangeraak en dui op 'n beperkte vermoë en selfs 'n onvermoë van state om waardes en skaars middele gesaghebbend toe te wys. In 'n omgewing van konflik en selfs geweld met mededingende politieke magsbasisse slaag swak state nie daarin om bogenoemde toewysing gesaghebbend te laat plaasvind nie. Dit is tans die toedrag van sake in talle ontwikkelende state waar die swakstaat-sindroom aldus Migdal (1988: 206-37) oorheers word deur 'n politieke oorlewingstrategie waarin

invloedryke politici rondgeskuif word om groeiende politieke magsbassisse aan bande te lê, nie-meriete-aanstellings aan die orde van die dag is, politieke vuilspel ooglopend toegelaat word, administratiewe aktiwiteite volledig verpolitiseer word en korrupsie en wanpraktyke volop is. In die ekstreem gesien kan toestande wat met politieke inploffings geassosieer word, hieruit voortvloei en die staat se voortbestaan hierdeur in gevaar gestel word. In dié verband dien state soos Sierra Leone, Liberië, Somalië en selfs Rwanda as voorbeelde van swak state op die rand van totale ineenstorting. In omstandighede soos dié word die politiek van chaos bedryf, en kan daar, aldus Van Creveld (1991), gepraat word van lae intensiteitsoorloë wat onder toestande van uiterste politieke vloeibaarheid 'n oorlewingstrategie in eie reg word (politieke anargie).

4.2 Sterk state

Anders as by swak state slaag sterk state daarin om meganismes vir sosiale beheer te ontwikkel waardeur die vermoë bestaan om die samelewing te penetreer, sosiale verhoudings te reguleer en menslike en natuurlike hulpbronne doelmatig te ontgin en aan te wend. Kompeterende politieke magsbassisse word bestuur en gereguleer in terme van gesofistikeerde instellings wat voldoen aan die vereistes vir politieke institusionalisering soos aanpasbaarheid, kompleksiteit, outonomie en eenheid en samehang.¹⁶ Hoë vlakke van institusionalisering dui op 'n vermoë om in die openbare belang te kan optree en hiermee saam kan die eise voortspruitend uit politieke verandering meer suksesvol aangespreek word. Talle Westerse state waaronder Brittanje, Frankryk, Spanje, Portugal en Duitsland sou in die kategorie geplaas kon word. Samewerkingsooreenkomste en die ontwikkeling van politieke strukture tussen sterk state in regionale en internasionale verband soos byvoorbeeld die Europese Unie sou kon dien as rigtingwyser vir politieke ontwikkeling. Balkanisering met as resultaat 'n verkleinde staatterritorium en privatisering wat die staatstaak verklein, is egter ook kragte wat tot transformasie in sterk state kan bydra. Daar bestaan egter heelwat minder ruimte vir

16 Vgl Huntington (1968: 8-23) vir besonderhede oor institusionalisering.

die ondermyning van die staat en politieke verandering behoort meer inkrementeel en ewewigtig plaas te vind. Die produk van transformasie mag in sekere gevalle dit wees wat deur sommige as die *virtual state* voorgelê word.

4.3 *Virtual states*

In teenstelling met die industriële era waarin territoriale ekspansionisme (kolonisasie en imperialisme) 'n belangrike doelwit was / is, plaas die *virtual state*, as direkte uitvloeisel van post-industrialisasie, die klem op kleiner en meer funksionele politieke eenhede. Groter en beter word geherdefinieer tot kleiner en voortrefliker. Trouens, territoriale ekspansionisme is duur en grond word nie meer as 'n bekostigbare bate gereken nie. Rosecrance (1996: 46, 47) verwys na "a state that has downsized its territorially based production capability [and which] is reliant on mobile factors of production". *Virtual states* is per definisie hoogs gesofistikeerd, kennis intensief, ekonomies-georiënteerd en verantwoordelik vir bemaking, finansiering, ontwerpe en navorsingsontwikkeling terwyl die produksie en vervaardigingslyne elders in die wêreld gesetel is. Rosecrance (1996: 51, 53) vergelyk die *virtual state* met 'n maatskappy wat oor 'n bestuur beskik, maar nie 'n "liggaam" (vervaardigings en produksielyne nie). Hong Kong (voor inlywing by China), Singapoer en Switserland sou kon dien as voorbeelde van *virtual states* ("head nations") terwyl 'n staat soos China en waarskynlik ander Derdewêreldstate as "body states" sou kon ontwikkel.¹⁷ Hierdie beskouing oor die *virtual state* is in ooreenstemming met Toffler se standpunt van 'n groter pluralisme van akteurs en meer spesifiek die stadstaat-konsep waarna telkens verwys word.

4.4 Nie-funksionele eenhede

Hierdie kategorie van state verwys na politieke eniteite wat eens legitiem, invloedryk en funksioneel was, maar wat as gevolg van veranderde omstandighede hul bestaande status verloor het of in die

17 Laasgenoemde kategorie is primêr verantwoordelik vir vervaardiging en produksie.

proses is om dit te verloor. Voorbeelde van politieke entiteite wat nie die toets van die tyd kon deurstaan nie, sluit in groot ryke van die verlede, talle voormalige koloniale ryke en die vroeëre Sowjet-Unie. Eise voortspruitend uit 'n veranderde omgewing kan daartoe bydrae dat politieke eenhede op funksionele gronde aangepas moet word om sodoende oorlewingstrategieë vir die burgers in stand te hou. Balkanisering van nasiestate in terme van kleiner funksionele en soms kultuurgebonde eenhede is 'n aanduiding hiervan. Privatisering is 'n poging om aan te pas op funksionele gronde en beteken dat die staat 'n kleiner taak vervul teen die agtergrond van 'n steeds groter getal sake wat na die private sektor (soms "global gladiators") verskuif word. Sodoende kan kwessies soos funksionaliteit en kostedoeltreffendheid aangespreek word. Uiteraard gee dit groter mag aan "nie-staatlike instellings" in terme van die gesaghebbende toewysing van waardes. Vanuit hierdie perspektief kan die gevolgtrekking gemaak word dat veral groter geografiese eenhede wat probleme ondervind om funksioneel te opereer, slagoffers van verandering kan wees. In dié verband kan nasiestate waaronder China, Brasilië, Mexiko, Rusland, die VSA en Kanada uitgesonder word. Klein en effektief, dit wat geld vir die *virtual state*, kan as norm vir politieke ontwikkeling en as teenvoeter vir gebrekkige funksionaliteit beklemtoon word. Wat duidelik is, is dat die eis vir groter funksionaliteit gaan toeneem eerder as afneem.

5. Evaluering

Die betreding van 'n nuwe wêreldorde dui op ingrypende veranderinge met verreikende implikasies vir bestaande politieke strukture. Selfs die nasiestaatkonsep wat sedert 1648 tot 'n wêreldwye verskynsel ontwikkel het, word geïmpliseer. Post-industriële tendense, 'n veranderde militêr-strategiese omgewing, tendense van politieke verval en anargie, beperkte hulpbronne en eskalerende konflikte dra by tot toestande wat beskryf kan word as 'n verwingde politieke landkaart, wanstaltige gevegsones, die swakstaat-sindroom, kompeterende politieke magsbasse en andersoortige 'politieke instellings' wat oorlewingstrategieë in stand hou. In die algemeen staan die toekoms in die teken van groter disekwilibrium en diskontinuiteit in vergelyking tot die relatiewe kontinuïteit en

ekwilibrium wat veral die Koue Oorlogsfase in groot dele van die wêreld gekenmerk het. Magsekwilibrium, soos in stand gehou deur 'n stelsel van nasiestate, word tans in dele van die wêreld vervang deur disekwilibrium wat soms pynlik geboorte gee aan talle akteurs wat waardes en skaars middele in eie reg toewys en sodoende politieke oorlewingsstrategieë in plek plaas. Hoe meer onstabiel die stelsel raak hoe meer individue, groepe en selfs bevolkings word meegesleur deur die kragte van verandering en is op soek na nuwe strategieë van oorlewing buite dit wat nasiestate kan bied.

Die kragte van politieke verandering sal ooreenkomstig indikatore meewerk tot 'n toekoms waar standaardisasie en eenvormigheid sal plek maak vir groter eiesoortigheid en uniekheid. 'n Periode van groter politieke vloeibaarheid lê voor die deur wat deur Toffler (1991: 262) as "shifting centres of power" beskryf word en deur Kaplan (1994: 46) in dele van Afrika as "a premodern formlessness" voorgehou word. Wat duidelik is, is dat die toekoms van sekere dele van die wêreld anders daar gaan uitsien as ander dele. Waar kragte van politieke verandering in byvoorbeeld Westerse state die terrein voorberei vir die funksionele heroriëntering van politieke strukture (byvoorbeeld 'virtual states') kan tendense van politieke verval in ander dele van die wêreld presies die teenoorgestelde bereik.

In die algemeen gesien sal disintegrasie van politieke eenhede nie oral teen dieselfde tempo en omvang plaasvind nie. Politieke verandering staan egter in die teken van disekwilibrium en groter onstabieleit met 'n pluralisme eerder as 'n monisme van akteurs as resultaat. Sterk state se vermoë om politieke verandering te hanteer, maak die oorlewing hiervan beter as swak state in 'n omgewing waar die premie al hoe sterker op funksionaliteit geplaas word.

In 'n politieke omgewing waarin 'n veelheid van kragte bydrae tot politieke verandering kan die gang van sake vir individuele state slegs in terme van waarskynlikhede beoordeel word. Die onderliggende logika van talle politieke veranderings word soms eers duidelik nadat die proses voltrek is — 'n logika wat dikwels treffend is in sy "eenvoud" maar by voorbaat soms moeilik voorspelbaar is.

Bibliografie

ANON

1996. The nation-state is dead: long live the nation state. *The National Times* 5(4): 30-4.

DU PLESSIS L J

1941. *Die moderne staat*. Stellenbosch: Pro Exclesia.

EASTON D E

1967. *The political system — an inquiry into the state of political science*. 8th ed. New York: Alfred Knopf.

ESTERHUYSEN P

1995/6. *Africa at a glance*. Pretoria: Africa Institute of South Africa.

HOMER-DIXON T F

1991. On the threshold: environmental changes as causes of acute conflict. *International Security* 16(2): 76-116.

HUNTINGTON S P

1968. *Political order in changing societies*. London: Yale University Press.

1993a. The clash of civilization. *Foreign Affairs* 72(3): 22-49.

1993b. If not civilizations, what? *Foreign Affairs* 72(5): 186-194.

1996. *The clash of civilizations and the remaking of world order*. New York: Simon & Schuster.

JAMIESON A

1990. Global drug trafficking. *Conflict Studies: Research Institute for the Study of Conflict and Terrorism* Sept: 1-41.

KAPLAN R D

1994. The coming anarchy. *Atlantic Monthly* 213(2): 40-76.

1997. History Moving north. *Atlantic Monthly* 279(2): 21-34.

KENNEDY P

1987. *Preparing for the twenty-first century*. New York: Macmillan.

MATHEWS J

1997. Power shift. *Foreign Affairs* 76(1): 50-67.

MIGDAL J S

1988. *Strong societies and weak states: state-society relations and state capabilities in the Third World*. Princeton, New Jersey: Princeton University Press.

MILLAN V & M A MORRIS

1990. Conflicts in Latin America: democratic alternatives in the 1990's. *Conflict Studies: Research Institute for the Study of Conflict and Terrorism* 1990: 1-47.

MULLER P

1998. Suid-Afrikaanse onderwysstelsel verg dringend nog méér veranderings. *Die Volksblad* 2 Maart 1998: 7.

NOVICKI M A

1997. Improving Africa's water supply. *Africa Recovery* (11)2: 22-3.

PALMER M

1989. *Dilemmas of political development: an introduction to the politics of the developing areas*. Ithaca, Ill: Peacock.

Duvenhage/Die krisis van die nasiestaat

ROSECRANCE R

1996. The rise of the virtual state.
Foreign Affairs 75(4): 45-61.

SCHOLTZ L & I SCHOLTZ

1996. *Suid-Afrika en die nuwe wêreldorde*. Pretoria: Human & Rousseau.

SICKER M

1991. *The genesis of the state*. New York: Praeger.

SUNTER C

1992. *The new century: quest for the high road*. Cape Town: Tafelberg.

VAN CREVELD M L

1991. *The transformation of war*. New York: Simon & Schuster.

VERLOREN VAN THEMAAT J P

1981. *Staatsreg*. 3de uitgawe. Red M Wiechers. Durban: Butterworths.

VON GLAHN G

1970. *Law among nations: an introduction to public international law*. London: Macmillan.

YSSEL E

1996. Afrika is in die wurggreep van verrotting — kenner. *Die Volksblad* 7 Mei 1996: 17.